Welkom by die Fakulteit Regsgeleerdheid

Boodskap van die Uitvoerende Dekaan, professor PH O'Brien

Die UJ se Fakulteit Regsgeleerdheid bied die tradisionele regsprogramme aan, soos BA Regte, BCom Regte en LLB, asook gedoseerde magistergrade op verskillende belangrike gebiede. Die Fakulteit bied, deur kragte saam te snoer met kollegas in die professie en die Balie, en ook kollegas wat regsadviseurs is vir banke en ander sektore, ’n opwindende verskeidenheid diplomas, sertifikate en kursusse aan op gebiede soos inkomstebelasting, insolvensie, opstel van kontrakte, geldwassery, omgewingsreg, arbeidsreg, inligtings- en kommunikasiereg (kuberreg) en sportreg.

Die permanente akademiese personeel bestaan uit veertig hoogs gekwalifiseerde lede, bygestaan deur ervare administratiewe personeellede. Agtien van die professore en ander dosente het doktorsgrade in Regte (LLD) en 17 het magistergrade (LLM). Sommige personeellede beskik ook oor gevorderde nagraadse diplomas. Die uitsonderlike kwalifikasies van akademiese personeel maak ’n hoë akademiese standaard moontlik en sorg vir die groot navorsingsuitset waarvoor die Fakulteit bekend is.

Die Fakulteit Regsgeleerdheid aan UJ het, ten spyte van sy min personeellede, drie regsklinieke wat praktiese opleiding aan studente en regsdienste aan lede van die publiek bied. Regstudente is betrokke by ongeveer 3 000 konsultasies met lede van die publiek per jaar – en doen dus so waardevolle praktiese ervaring op. Die Fakulteit spog ook met sewe navorsingsinstitute en ’n regsbiblioteek van wêreldgehalte.

Die Fakulteit is bevoorreg om in die middel van die Suid-Afrikaanse ekonomie geleë te wees. Die besigste Hoër Hof in Suid-Afrika is in Johannesburg gesetel en die Konstitusionele Hof is net om die draai. Ervaring het getoon dat interaksie tussen lede van die Fakulteit en die regsprofessie, die handelswêreld van Johannesburg en die openbare sektor, die akademiese personeel in ons fakulteit verryk. ’n Goeie voorbeeld van die interaksie tussen die handelsfeer en die Universiteit van Johannesburg is die Jaarlikse Bankregbywerkings- (ABLU) kongres wat op die ontwikkeling in die reg van bankwese en finansies fokus.